VERKORTE ESG en Volhoubaarheidsverslag

ESG en volhoubaarheid – hoogtepunte

Voltydse **ESG- en volhoubaarheidskenner aangestel** om **ESG- en volhoubaarheid-strategie** in die Remgro-groep **te stuur en lei**

Vergrote omvang van **koolstofrapportering** om ses van Remgro se onderliggende beleggings by die **bestek van** Remgro se **omgewings-verslagdoening** in te sluit

Eerste openbaarmakings ten opsigte van klimaatsverandering in ooreenstemming met **TCFD-raamwerk** se aanbevelings gepubliseer

Vlak 7-bydraerstatus volgens **BBSEB**

Strategiese ESG-raamwerk ontwikkel om **omgewingsgerigte fokusgebiede** te skep

Groepwye samewerking ten opsigte van **maatskaplike impak-** en **KMB-inisiatiewe**

ESG-beleggingsraamwerk en -beleid, wat standaard-bedryfsprosedure (SBO) insluit, in werking gestel

Remgro steeds ingesluit by die **FTSE4Good-indeksreeks**

ESG-opleiding via Remgro-groep se **beleggingsbestuurderskonferensie** na alle **beleggingsbestuurders** uitgebrei

Voortgesette lidmaatskap van die **Etiek-instituut van Suid-Afrika**

ESG-basislynverslag voltooi vir Remgro se onderliggende beleggings

Lees die volledige ESG en Volhoubaarheidsverslag aanlyn by www.remgro.com.

Remgro se rol is om oor die lang termyn **volhoubare** waarde vir belanghebbendes te **skep**, om sterk en volhoubare finansiële opbrengste vir belanghebbendes te behaal, met begrip van breër **voorspoed**, **maatskaplike vooruitgang** en ń **veerkragtiger** planeet.

Oorsig: ons ESG- en volhoubaarheidsreis

As 'n besigheid wat reeds sedert sy ontstaan waardegedrewe is, erken Remgro al lank sy omgewings-, maatskaplike en bestuurs-, oftewel ESG-verantwoordelikheid, en die groep is vasbeslote om dit gestand te doen terwyl die gepaardgaande uitdagings groter en dringender raak. Ons werk oor die hele groep heen om ESG-aktiwiteit en toesig oor ons hele waardeketting te beïnvloed en ons gebruik ons beleggings om die geleenthede en uitdagings te benut wat stukrag kan verleen aan volhoubare praktyke om Suid-Afrika se toekoms te verbeter.

In 2021 het Remgro hom verbind om ESG en die oorgang na korporatiewe volhoubaarheid 'n integrerende deel te maak van die maatskappy se kernstrategie en die toekomstige sukses van die besigheid. As 'n maatskappy is ons rol om volhoubare waarde vir belanghebbendes te skep, met finansiële opbrengste vir aandeelhouers, en breër voorspoed, maatskaplike vooruitgang en bewustheid van ons planeet se omgewingsgesondheid.

Die impak van klimaatsverandering noodsaak belyning tussen besigheid, die samelewing en die omgewing. Dis waarom ons eie doelwitte en aksies 'n strewe na 'n toekoms van nul koolstofvrystellings in ooreenstemming met die doelwitte van die Parys-ooreenkoms insluit, tesame met die verwante rol wat ons speel ter ondersteuning van Suid-Afrika se nasionale pogings om die VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte vir 2030 te verwesentlik.

Remgro se eie ESG-strewe en -reis weerspieël Suid-Afrika se unieke volhoubaarheidsuitdagings en is daarop gemik om die geleenthede en risiko's wat dit inhou, te help aanpak. Ons ondersteuning van Suid-Afrika se oorgang na volhoubaarheid berus op ons vermoë as 'n maatskappy om in ons hele waardeketting en deur vennootskappe beter maatskaplike en omgewingsimpakte te verkry. Dit sluit aan by ons doelwit om te belê in maatskappye wat die oorgang na 'n meer volhoubare toekoms sal bespoedig, om Suid-Afrika se voorspoed te verbeter deur oor die lang termyn gedeelde waarde vir beide ons aandeelhouers en ander belanghebbendes te lewer.

Ons het drie prioriteite geïdentifiseer vir die ESG-strategie wat ons volhoubaarheidsreis oor Remgro heen ten grondslag lê en rig: volhoubare beleggingsrentmeesterskap; ESG-aksie regdeur Remgro; en die ontsluiting van gedeelde waarde vir Suid-Afrika.

Remgro se benadering tot ESG en volhoubaarheid is geanker in ons rentmeestersrol in die bestuur van ons bates en die oorweging van nuwe beleggings – 'n rol wat ons as kritiek beskou. Ons beginsels vir verantwoordelike investering is die hoeksteen van ons besluitneming. Dit stel ons in staat om trou te bly aan die robuuste kriteria vir ons beleggings, wat van Suid-Afrika se wesentlikste kwessies aanpak om volhoubare finansiële opbrengste te lewer, en terselfdertyd 'n positiewe, meetbare ESG-impak te bevorder wat gedeelde waarde vir al ons belanghebbendes lewer.

Ons streef daarna om te verseker dat impak doelbewus geïntegreer word oor die lewensiklus van beleggings en waar volhoubare waarde oor die lang termyn geskep kan word deur 'n volgehoue fokus en ywer om ESG-prestasie te verbeter. Dit verseker finansiële volhoubaarheid, maar bied ook 'n kans om die geleenthede te benut wat die oorgang oplewer. Remgro is daartoe verbind om die maatskappye waarin hy belê, te help om hul benadering tot ESG te ontwikkel en daardeur te verseker dat sy beleggings die geleenthede en uitdagings benut wat volhoubaarheid stukrag sal gee en beter omgewings-, maatskaplike en ekonomiese uitkomste regdeur ons ekosisteem sal bewerkstellig.

Ons glo die grootste vooruitgang met die bevordering van Remgro se volhoubaarheidsagenda kan verkry word deur al die maatskappye waarin hy belê, regoor hul waardekettings te beïnvloed en te ondersteun. Vir ons is die toepassing van ESG regdeur Remgro en sy waardeketting van kardinale belang.

Remgro werk regdeur die groep om volhoubare gedrag teweeg te bring deur ESG-beginsels toe te pas en konsekwente standaarde te skep om ons gemeenskaplike volhoubaarheidsdoelwitte te bereik wat gesamentlik 'n groter en meer meetbare impak het. Bestuurstoesig en klimaatverwante risikoverminderingspraktyke is deel van Remgro se waardeketting-aktiwiteite asook die ekosisteme van die onderliggende beleggings om vordering ter verwesentliking van nul-vrystellingsdoelwitte stukrag te gee.

Hoewel daar nog baie gedoen moet word, kan ons reeds die vordering ten opsigte van klimaataksie sien. Baie van die maatskappye waarin Remgro belê (ook onderliggende beleggings genoem), het reeds ESG-teikens ten opsigte van klimaatsverandering en energiebestuur gestel. Bykans die helfte van die 11 geassesseerde onderliggende beleggings het nul-vrystellingsdoelwitte gestel en sewe het teikens vir energiedoeltreffendheid. Remgro beoog om met die oorblywende maatskappye saam te werk om hul volgehoue implementeringsaksies, asook die ontwikkeling van toekomstige doelwitte in hierdie verband, te ondersteun.

Remgro speel 'n deurslaggewende rol om gedeelde waarde te ontsluit wat 'n meer voorspoedige en gelyke toekoms vir alle Suid-Afrikaners moontlik maak. Deur inklusiewe sosio-ekonomiese ontwikkeling en groei te skep, kan ons help om 'n beduidende impak vir al ons belanghebbendes te bewerkstellig en 'n positiewe bydrae lewer om 'n verskil te maak in die samelewing.

By Remgro erken en bevestig ons die belangrikheid van transformasie en bemagtiging om toegang tot gelyke geleenthede vir alle Suid-Afrikaners te skep. Daarom streef ons deurgaans daarna om ons gradering vir breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB) te verbeter. Ons bly toegewyd om 'n meer gelyke werkomgewing te skep wat op diversiteit en inklusiwiteit gegrond is, en om ons werknemers deur vaardigheids- en talentontwikkeling te bemagtig.

Ons lang prestasiegeskiedenis om gemeenskappe te help, is toegespits op die ontsluiting van gedeelde waarde om sosio-ekonomiese ontwikkeling te bewerkstellig op 'n wyse wat die lewens van baie in ooreenstemming met die VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte verbeter. Dit sluit werk in die gemeenskappe in waar ons met nie-regeringsorganisasies saamwerk, asook korporatiewe maatskaplike beleggings-, oftewel KMB-, projekte wat betrokke is by ondernemings- en gemeenskapsontwikkeling en die skep van geleenthede vir jongmense in onderwys en opleiding om armoede uit te wis en 'n volhoubare lewensbestaan moontlik te maak.

In 2023 het Remgro 'n werksessie vir van sy beleggingsmaatskappye aangebied om oor hul maatskaplike impak-inisiatiewe en KMB-planne te gesels, met die doel om gedeelde geleenthede vir samewerking te ontgin. Hierdie dialoog gaan voort en Remgro beoog verdere werksessies, waar ander ESG-onderwerpe gedek sal word om ervaring, kennis en beste praktyk regdeur die groep te benut.

Bestuurstoesig en oorsig

Remgro se strategiese ESG-komitee, 'n subkomitee van die direksie wat in 2021 op die been gebring is, gaan voort om oorsig en leiding aan die direksie te verskaf, ondersteun deur die operasionele ESG-komitee. Die strategiese ESG-komitee speel 'n belangrike rol om die direksie te ondersteun in die oorsig en monitering van Remgro se ESG-prestasie en rentmeesterskap deur beleide, raamwerke, standaarde en riglyne.

As deel van sy gevestigde bestuurstoesig-meganismes, prosedures en beleid, het Remgro verskeie inisiatiewe van stapel gestuur om ter ondersteuning van sy volhoubaarheidstrewe ESG deel te maak van die hele groep en die onderliggende beleggings. Vordering in hierdie verband het steeds 'n bepalende invloed op prestasie en aansporingsmeganismes vir bestuur.

Die ESG-risikobestuursraamwerk verseker dat ESG-verwante risiko's en geleenthede, tesame met impak en oorwegings, by die risiko- en geleentheidsbestuurspraktyke ingesluit is om volhoubare, waardeskeppende strategieë te ontwikkel.

As deel van Remgro se fokus op volhoubare beleggingsrentmeesterskap in aansluiting by sy volhoubaarheidstrewes, word 'n integrerende deel van sy beleggingsbesluitneming deur die ESG-beleggingsraamwerk bepaal. Hierdie raamwerk sluit kriteria in met betrekking tot ESG-risiko's, impak-oorwegings, waardeskeppingsgeleenthede en die volhoubaarheid van Remgro se bestaande en potensiële beleggings.

Implementering van die ESG-beleggingsraamwerk word deur die standaardbedryfsprosedure ondersteun om die verskillende bestuurstoesigstrukture en beleggingspanne in staat te stel om die ESG-raamwerk konsekwent en doeltreffend in al die onderliggende beleggings toe te pas.

Remgro het ook sy basislyn-ESG-voetspoorverslag uitgebrei om meer onderliggende beleggings as in die vorige jaar in te sluit, om aanvaarding en vordering van volhoubare praktyke in die hele groep beter te monitor.

Ons vordering oor die afgelope jaar

In 2021 het Remgro ESG-raamwerke en bestuurstoesigstrukture ingestel om op groeps- en maatskappyvlak strategiese leiding en rentmeesterskap te verskaf met die doel om ESG-prestasie te beïnvloed, met monitering op direksievlak en deur ons strategiese ESG en operasionele ESG-komitees. In die loop van die jaar het Remgro samewerking op verskeie gebiede tussen die onderliggende beleggings bewerkstelling. Die gebiede sluit menslike hulpbronne, KMB en ESG in.

Een van die elemente in die skep van 'n groepswye ESG-raamwerk was die beoordeling van die ESG-volwassenheidsvlak in al die onderliggende beleggings. Dit sal gebruik word om Remgro met toekomstige ESG-verslagdoening asook ESG-doelwitstelling te help.

In 2022 het Remgro 'n basislyn-ESG-voetspoorverslag laat opstel. Dit het behels dat sekere kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting van uitgesoekte onderliggende beleggings verkry is. In die proses het Remgro die jongste toonaangewende beste praktyk met betrekking tot rentmeesterskap beoordeel en van hierdie beginsels by die basislyn-vraelyste ingesluit, en gebruik om gesprekke oor doelwitstelling te struktureer.

In 2023 is die proses herhaal met 'n bygewerkte ESG-vraelys. Die inligting is opgeneem in 'n ESG-voetspoorverslag, wat gebruik word om vordering van jaar tot jaar te meet. Die fokusgebiede sluit in klimaatsverandering en energie bestuur, waterbestuur, afvalbestuur, diversiteit en inklusiwiteit, maatskaplike impak, werknemerverhoudings, gesondheid en veiligheid, verskaffingsketting en verkryging, asook bestuurstoesig. Terugvoer het getoon dat goeie vordering gemaak is met die hoeveelheid ESG-inligting wat die onderliggende beleggings meet en naspoor. Hierbenewens het Remgro en sy onderliggende beleggings talle ESG-prosesse in werking gestel sedert die basislyn-ESG-voetspoorverslag wat in Junie 2022 uitgereik is, en op baie gebiede verbeterings getoon.

Verskeie maatskappye het byvoorbeeld verlaagde vlak 1- en 2-vrystellings en verbeterde BBSEB-graderings gerapporteer. Sommige het ook hul ESG-bestuurstoesigstrukture oor die afgelope jaar verbeter – insluitend 'n hersiening en hernuwing van die volhoubaarheidstrategie, goedkeuring van 'n klimaatsveranderingstrategie en -padkaart, bekendstelling van 'n nuwe beleid vir verantwoordelike verkryging of die verspreiding van 'n klimaatverantwoordelikheidsvraelys aan alle verskaffers om 'n strategie te ontwikkel vir die vermindering van kweekhuisgasvrystellings regoor die verskaffingsketting. Addisionele inisiatiewe het die implementering van opleiding oor omgewingsbestuurstelsels (ISO14001) ingesluit, asook die finalisering van die beleid en strategie vir werknemerverhoudings.

As deel van ons rol as 'n volhoubare beleggingsrentmeester, het Remgro ook 'n konferensie vir beleggingsportefeuljebestuurders gereël en 'n reeks werksessies ingestel waar beleggingsportefeuljebestuurders ESG kan bespreek. 'n Sleutelelement hiervan was die instelling van 'n standaardbedryfsprosedure vir ons beleggingsbestuurders om ESG deel te maak van hul beleggingsbesluite.

In 2023 het Remgro ook 'n toegewyde senior ESG- en volhoubaarheidsbestuurder aangestel om die ontwikkeling en implementering van Remgro se ESG- en volhoubaarheidstrategie te stuur en lei.

Remgro se ESG- en volhoubaarheidsreis is deurlopend, maar ons is verbind tot deursigtige en akkurate openbaarmaking van ons werksaamhede en ons vordering gemeet aan beste praktyk standaarde. Ons sal ook uitwys waar ons nog werk moet doen met betrekking tot ons doelwitte en mikpunte, asook die verwesentliking van dié wat reeds gestel is. Ons prestasiedoelwitte sal die dryfvere wees vir deurlopende investering en innovasie wat ons volhoubaarheidsideale regoor Remgro weerspieël.

In ooreenstemming met verwagtinge van hoe ESG-prestasie in die praktyk gerapporteer behoort te word, streef Remgro om deursigtige en akkurate openbaarmakings van die maatskappy se werksaamhede en verbeterings te verskaf, soos gemeet aan beste praktyke. In die 2022-geïntegreerde jaarverslag het ons ons verbind tot die ontwikkeling van 'n skedule om Remgro se ESG-vordering teenoor gestelde doelwitte en maatstawwe te meet en daaroor verslag te doen. Ter nakoming van ons belofte, het Remgro vanjaar openbaarmakings in ooreenstemming met die aanbevelings van die Taakspan oor Klimaatverwante Finansiële Openbaarmakings (TCFD)-raamwerk opgestel.

As 'n markgedrewe inisiatief om aanbevelings vir vrywillige en konsekwente klimaatverwante finansiële risiko-openbaarmakings te ontwikkel, help dit ons om klimaatsverandering doeltreffend aan te pak regoor die Remgro-groep en die maatskappye waarin hy belê, om beleggingsrisiko tot die minimum te beperk en geleenthede voortspruitend uit die oorgang maksimaal te benut.

As deel van sy ESG-strategie, is Remgro ook besig om prioriteite en maatstawwe vir prestasie-beoordeling op te stel – met verwysing na die Beginsels vir Verantwoordelike Investering (PRI), die Internasionale Finansieringskorporasie (IFC) se omgewings- en maatskaplike prestasiestandaarde, die opkomende Raad vir Internasionale Volhoubaarheidstandaarde (ISSB) se werk, BBSEB en ander toepaslike Suid-Afrikaanse raamwerke vir omgewings-, maatskaplike en gemeenskapsontwikkeling.

Remgro sal ook in die komende jaar die bygewerkte ESG-voetspoorverslag, wat in die eerste helfte van 2023 afgehandel is, gebruik om verdere ESG-teikens te stel en die uitbreiding van ESG-verslagdoening regoor die groep te bevorder.

Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid

Remgro is al sedert sy ontstaan 'n waardegedrewe besigheid. Hierdie waardes inspireer die wyse waarop ons as 'n goeie korporatiewe burger optree in die gemeenskappe waarin ons werksaam is. Remgro gaan voort om met gemeenskappe regoor Suid-Afrika saam te werk om hul ontwikkeling te ondersteun en te verseker dat die maatskappy se eie direkte werksaamhede en aktiwiteite aansluit by sy doelwitte ten opsigte van ESG en volhoubaarheid. Ons meet impak deur gebruik te maak van die "United Nations Sustainable Development Goals".

Vir meer inligting oor die maatskappy se korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid, besoek die Remgro-webwerf www.remgro.com vir die volledige ESG en Volhoubaarheidsverslag.